2022-OORSIG

menlo-insig

# Geseënde Kersfees

EN VOORSPOEDIGE NUWE JAAR




"Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!"
*Numeri 6:24–26*

Mag die Kersgety met liefde, lag en samesyn gevul wees en mag die jaar wat voorlê vreugde vir almal in die Menlo-familie bring.

Die Menlo-span




***Opvoeding is die paspoort na die toekoms.***
*(Malcolm X)*

## Matriekuitslae: hoogtepunte van 2021

* 883 A-simbole deur 294 leerders.
* 95.4% van die kandidate behaal graadvrystelling.
* Matriekgemiddeld: 73,8%.
* 101 leerders behaal 'n A-gemiddeld.

## Prysuitdeling: 2022-matrieks

* Die toppresteerder in matriek spog met 'n gemiddeld van 96,86%.
* Die kandidaat met die hoogste gemiddeld van graad 8 tot 12 handhaaf 'n gemiddeld van 96,12% deur haar skoolloopbaan.
* 163 matrieks spog met 'n gemiddeld van 75% en hoër en een Menloparker ontvang 'n toekenning vir 100%-skoolbesoek.
* Ons sien uit na hierdie sonderlinge groep se uitslae – mag ons voortbou op die hoë standaard wat in 2021 gestel is.

## Graadprestasies

* Graad 8: Gemiddeld bo 80% 81 leerders
* Graad 9: Gemiddeld bo 80% 102 leerders
* Graad 10: Gemiddeld bo 75% 126 leerders
* Graad 11: Gemiddeld bo 75% 122 leerders
* Graad 12: Gemiddeld bo 75% 163 leerders

Die skool is trots op elke Parkie wat 'n akademiese en leerkultuur by die skool vestig. Die hoogste is nagestreef.

## Ekspo en Olimpiades

### Afrikaans

#### Afrikaans Senior Olimpiade

* Negentien Menloparkers neem deel en nege word onder die land se top-100-kandidate gereken.
* Provinsiaal: 1ste, 2de, 3de en 7de plek.
* Nasionaal: 1ste, 2de, 4de en 11de plek.

#### Afrikaans Junior Olimpiade

* Ses leerders behaal top-20-posisies in Gauteng.
* Dertien Menloparkers eindig onder die top-100-leerders op nasionale vlak.

#### Poort-publikasies

* Twaalf aspirantskrywers se skryfstukke word in die Poort-publikasie opgeneem – twee toppresteerders is na 'n skrywerskursus deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns genooi.

### English

#### National English Olympiad

* Twee en sestig Menloparkers wys hulle staal in hierdie Olimpiade en behaal die volgende uitslae:
  * Veertien brons, elf silwer en ses goud.
  * Vyf Parkies tel onder die top-100-kandidate in die land.




**Wiskunde**

* Vyf Menloparkers dring na die finale ronde van die SAMO-Wiskundeolimpiade deur.
* Die tweede beste junior in Gauteng is in Die Hoërskool Menlopark.

**Natuurwetenskappe**

**Noord-Gauteng Wetenskapekspo**

* Vyf en twintig Parkies neem met 20 projekte aan die ekspo deel en behaal die volgende uitslae:
  * Ses brons;
  * Agt silwer;
  * Ses goud;
  * Vier kategoriewenners;
  * Twee spesiale pryse van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns;
  * Derde beste projek by die ekspo.

**National South African Youth Engineering Science Symposium**

* Agt Parkies neem deel.

**Lewenswetenskappe**

**Bio Science-Olimpiade**

* Die Parkies behaal uitstekende uitslae:
  * Drie goud, ses silwer en elf brons;
  * Algeheel eerste en derde in die Junior Olimpiade;
  * Algeheel eerste en derde in die Senior Olimpiade.

**Duits**

* **Nasionale Duits-Olimpiade:** Vyf Parkies tel onder die top-15-leerders in die land.
* **Internasionale Duitseksamen:** Die B1- en B2-sertifikaat word albei deur twee Parkies voltooi.
* **FSA-uitruilprogram:** Twee Menloparkers word vir die Junie-Julie-program gekeur, terwyl vier Parkies gekeur is om aan die Desemberprogram deel te neem.

**Frans**

* **"Epelle-moi"** (*Franse spelling bee*): Menlo wen die streeksuitdunne en eindig nasionaal in die vyfde posisie.
* **DELF Franse Internasionale Eksamen:** Drie matrikulante slaag die B1- en B2-eksamen, ses leerders slaag die A2-eksamen en nege leerders slaag die A1-eksamen.

**Rekeningkunde**

* ʼn Graad 10-Menloparker is die beste rekeningkundestudent in die land, want sy wen die National High School Olympiad.

**IT**

**Computer Talent Search**

* Sestien Menloparkers ontvang goue sertifikate en word hiermee onder die top 7% in die land gereken.

**Programming Olympiad 2022**

* 23 Parkies neem deel en 14 dring na die tweede ronde deur.
* Twee leerders, een gr. 8 en een matrikulant, eindig in die top 7% van hulle onderskeie afdelings en ontvang goue sertifikate.
* Silwer: vier leerders (top 14%).
* Brons: agt leerders (top 29%).

**Robotika**

* Die Menlo-span behaal die elfde plek by die nasionale kompetisie.

**RTT**

### Computer Talent Search

* Graad 12-leerders skryf die elite-eksamen:
  * 1 goud (top 7%)
  * 10 silwer (top 21%)
  * 16 brons
* Graad 10- & 11-leerders skryf die senior eksamen:
  * 9 goud (top 7%)
  * 40 silwer (top 21%)
  * 77 brons

### RTT-Olimpiade

* Twee leerders dring na die tweede ronde deur en behaal 'n goue en 'n silwer sertifikaat.

**Kuns**

### Tshwane Prestige Jeugkunstefees

* Slegs tien hoërskole, sewe laerskole en privaat kunssentrums is genooi om kunswerke vir keuring vir hierdie elite uitstalling in die Staatsteater te stuur.
* Een en dertig Parkies se talent is geweeg en gewigtig genoeg vir hierdie uitstalling gevind.
* Die programvoorblad vir die kunstefees is deur 'n Parkie ontwerp.

### Pretoria Eisteddfod

* Tien Parkies het vanjaar met hulle skilder-, teken-, ontwerp-, beeldhou- en fotografiewerke aan hierdie kompetisie deelgeneem en Menlo spog met vyf eerste plekke.

### UP se digitale uitstalling vir hoërskole

* Drie Menloparkers verteenwoordig die skool by hierdie kompetisie wat die uitstalling van kuns op digitale platforms bevorder.

### Atterbury se verf the village

* Menlo se graad 10- en 11-kunsleerders het hierdie geleentheid, om die voor- en kantaansig van een van die geboue in The Village meer opvallend te verf, met albei hande, palette en kwaste aangegryp. Met soveel entoesiasme is dit geen wonder nie dat twee Parkies onder die finaliste tel.

### Brooklyn Mall se Kinnerkunsfees

* Agt en dertig Parkies se werk is uitgestal.
* Menlo spog met die volgende uitslae: twee eerste plekke, twee tweede plekke en die algehele wenner.




***Kultuur is die somtotaal van alle kunsvorme; 'n verbeeldingsvloed van emosie, 'n universele taal.***

## Menlo-koor

* Vanjaar se koorhoogtepunte sluit die volgende in: Kultuur Prestige-aand, Menlo-soiree, Menlo-koorfees, Tuks Camerata-koorfees, die Pretoria eisteddfod, Tres Scholarum en die ATKV Applous-kompetisie.
* Menlo is die beste gemengde koor by die eisteddfod.
* Die beoordelaars van die ATKV Applous-kompetisie kroon Menlo as die beste gemengde koor in die land en die koor word uitgesonder vir hulle uitstekende vertolking van 'n Afrika-werk.
* Die koorjaar sluit oudergewoonte met die Kerskonsert af.




## Junior Koor

* Menlo se Junior Koor vier vanjaar sy tweede bestaansjaar.
* Hoogtepunte van die jaar sluit optredes by die Menlo-soiree, Menlo-koorfees, Pretoria eisteddfod en die Kerskonsert in.

## Redenaars

* Massadeelname is aan die orde van die dag met nie minder nie as 50 inskrywings in ses afdelings by die ATKV se nasionale redenaarskompetisie.
* Menlopark spog met drie redenaars in die ATKV se landswye finaal:
    * Een spreker neem aan die onvoorbereide afdeling deel. (Huistaal, graad 8 & 9)
    * Die derde beste senior spreker in die land is 'n Parkie. (Huistaal, voorbereid)
    * Een spreker neem aan die afdeling vir Eerste Addisionele Taal deel. (Gr. 10 – 12)
* Menlo se sprekers druk hulle stempel by die Van Huyssteens Oratorsfees af: Vier spanne en sewe sprekers dring na die finaal deur.
* Menlo spog met twee individuele wenners (tweetalig), terwyl 'n graad 11-span in die tweede plek eindig.

## Debat

* Drie junior spanne en agt senior spanne neem aan die ATKV-uitdunronde deel.
* Een senior span verteenwoordig die skool in die landswye finaal en behaal 'n top-10-posisie.
* Twee gr. 10-debatspanne neem vanjaar aan 'n nuwe debatkompetisie – Con Spirito Debat – deel. Beide hierdie spanne dring na die semifinaal deur.

## Revue

* Menlo gee vanjaar nuwe betekenis aan die 2022-tema: *To conquer is to live*.
* Die groep ontvang 'n *Giant*-taak om te wys wie *Run the world*.
* Uitdagings is met albei hande aangegryp en *We're not gonna take it* spreek boekdele van die manier hoe die Parkies golwe trotseer het.
* Menlo staan kop en skours bo die kompetisie uit en aan die einde van die revue-seisoen is dit duidelik: *This is me!*
* Die revuegroep is absolut gereed vir 2023.

## Blou Teater: Drama & Toneel

* Die Blou Teater se akteurs druk vanjaar hulle stempel by verskeie toneelfeeste af: Menlo-Maskerfees, ATKV-Tienertoneel, Pronkpodium & Allegretto Kunstefees.
* Die Parkie-akteurs ontvang 'n rekordgetal toekennings: ATKV (21 brons, 45 silwer en 15 goud).
* Die Parkie-tonele lewer vier streeksnominasies en een streekswenner op.
* Die beste byspeler by die ATKV-Tienertoneel is 'n Menloparker.

## Menlo-musiek-akademie

* Die Menlo-musiek-akademie bied lesse in bykans enige instrument onder die son en ervaar vanjaar ongekende groei.

## Blou Teater: Dans

* Die Blou Teater se dansers gaan van krag tot krag en spog nou met 'n studio in die gimnasium.
* Die dansgroep neem aan verskeie kompetisies deel, waaronder D.A.N.C.E. International Awards, Dance Fusion en Menlovaria waar hulle puik prestasies behaal.

## Orkes & Ensemble

- Menlo se musici behaal welslae by verskeie kunstefeeste en eisteddfods, maar dit is ons leerders se uitslae in eksterne eksamens wat die aandag trek.
- Afrikaanse Kunsvereniging-kompetisie: Orkes – A+; Ensemble – A++.
- Menlo se musikante is slaggereed vir 2023 en sien daarna uit om hulle talent by die Kultuur Prestige-aand, Tres Scholarum, SASMT-ensemblekompetisie en verskeie ander kunswedstryde ten toon te stel. Daarby beplan die skool om volgende jaar 'n Menlo-orkesfees aan te bied.

## Menlovaria

- Massadeelname en hope talent is oudergewoonte aan die orde van die dag by Menlo se eie kunstefees.
- Die organiseerders ontvang vanjaar 'n rekordgetal inskrywings.




***Die enigste verloorder is die een wat ophou probeer.***

## Atletiek

- **Interhuis:** Die Milete kraai koning by die interhuis en dertien rekords spat.
- **Interhoër:** Menlo wen die 2022-interhoër.
- **AGN-kampioenskap:** Die Parkie-atlete samel 'n medalje-oes van 35 in: 21 goud, 7 silwer en 7 brons.
- **ASA se SA Kampioenskap:** 44 Menlo-atlete neem deel en verower talle medaljes: 5 goud, 8 silwer en 1 brons.
- **ASA se SA Senior Kampioenskap:** Agt Menloparkers neem aan die SA Senior Kampioenskap in Kaapstad deel.
- **Fitgen TUKS Top 10, NWU Top 30 & Elardus Erasmus Byeenkoms:** Menlo maak skoonskip by al hierdie byeenkomste.
- **TWIZZA Super Series (nasionaal):** Toe-izza net een atletiekskool in Suid-Afrika en dit is Die Hoërskool Menlopark. Baie geluk aan die Menlo-atlete wat in die seuns-, dogters- en algehele afdeling koning kraai.
- **Junior wêreldkampioenskap:** Vyf Parkies verteenwoordig die skool op internasionale bodem.
- **AUSC Sone 5 Spele:** Vyf Menloparkers word vir deelname gekies: drie baan- en twee veldatlete.
- **Internasionale deelname:** Elf atlete (Parkies en oud-Parkies) verteenwoordig Suid-Afrika vanjaar op internasionale vlak.

## Hokkie

- Menlo se hokkiespelers neem gedurende die Aprilvakansie aan ongeveer 21 toernooie en 140 wedstryde deel.

### Dogters

- O. 14A: Vierde by die Top-12-toernooi (nasionaal).
- O. 15A: Wen die Noordvaal-toernooi.
- O. 16A: Vierde by die Top-12-toernooi (nasionaal).
- Eerstespan: Sesde by die Top-12-toernooi (nasionaal).
- Een en twintig Parkies verwerf provinsiale kleure.




* Drie Parkies word in die SA skolespan opgeneem: Een in die o. 18A-span en twee in die o. 16-span.

**Seuns**

* O. 14A: Wen die Noordvaal-toernooi.
* O. 16A: Wen die Gauteng-Noord-beker en eindig tiende by die Top-12-toernooi (nasionaal).
* Eerstespan: Derde by Grey Kollege se toernooi.
* Agt seuns verwerf provinsiale kleure.
* Een Parkie word in die SA skolespan (o. 18B) opgeneem.

## Netbal

* **Liga:** 22 spanne neem aan die blits- en premierliga deel en sewe spanne tree as ligawenners uit die stryd.
* **Menlo-Netbaltoernooi:** Menlo-netbal maak geskiedenis deur die grootste netbaltoernooi in die land aan te bied.
* **Gauteng-kampioenskap:** Al Menlo se A-spanne kwalifiseer om aan die Gauteng-uitspele deel te neem en die o. 16A- en o. 19A-span stap met die louere weg.
* **SA Skolenetbaltoernooi:** Die o. 16-, o. 17- & o. 19-span kwalifiseer vir deelname en behaal die volgende uitslae: o. 16: vyfde; o. 17: tweede; o. 19: derde.
* **Potch-toernooi:** Menlo word as die Beste Netbalskool aangewys.
* **All Ages-toernooi:** Vyf Menloparkers en een afrigter neem aan hierdie interprovinsiale toernooi deel.
* **Fast5**: Die o. 15's behaal 'n tweede plek en die o.17's wen goud by die nasionale kampioenskap.

## Rugby

* **Blou Bulle:** Veertien Parkies draf vanjaar vir die Blou Bulle se onderskeie spanne uit.
* **Noordvaal:** Die o. 15's speel in die finaal van die bekerafdeling (makro-skole) van die Noordvaal-kompetisie.
* **7's:** Die o. 15's speel in die finaal van die Noordvaal-kompetisie.

## Krieket

* **Wedstryde en toere:** Ons krieketspelers toer die land plat en maak draaie in Port Elizabeth, Durban, Nelspruit, Skukuza en Tzaneen.
* **Wedstrydhoogtepunte:** Daar word 'n totaal van 21 honderdtalle geslaan en ons boulers neem vyf of meer paaltjies by 14 geleenthede.
* **Provinsiale spelers:** Agt Menloparkers verwerf provinsiale kleure.

## Landloop

AGN-landloopkampioenskap (spanuitslae):

* Die junior én senior dogterspanne tree as naaswenners uit die stryd.

* Die junior en senior seunspanne verbeter op hulle uitslae van 2021 en verower die titel as die beste spanne in Gauteng-Noord.

ASA se SA Landloopkampioenskap en 10 km-kampioenskap:

* 18 Parkies kwalifiseer vir die nasionale byeenkoms en verower ses medaljes in die spankompetisies.
* Menlo verower twee medaljes by die SA Junior10 km-kampioenskap en een medalje in die 21 km-wedloop vir junior mans.

## Muurbal

* Menlo bied 'n nasionale hoëprestasieakademie aan.
* Die MMA neem vanjaar aan vier muubalfeeste deel en onderneem vyf toere.
* Die Parkies wen die NWU-skolereeks.
* Twaalf Parkies verwerf provinsiale kleure.
* Een Parkie tel onder die land se voorste tien muurbalspelers in haar ouderdomsgroep.

## Perdry

* Veertien Menloparkers word in SANESA-Gauteng se Tshwane-span opgeneem – tien ruiters meer as in 2021.
* Tien Menlo-ruiters behaal plekke by SANESA se nasionale kampioenskap.
* Menlopark sluit die seisoen as die B-ligawenners in Gauteng af.
* Menlo-perdesport skop 2023 op 28 Januarie met die Menlo-perdeskou af.


## Skaak

* Twee spanne neem aan ligauitspeelwedstryde deel.
* Wenners van die NWU-reeks.
* Drie Parkies verwerf provinsiale kleure.
* Een Menloparker verwerf nasionale kleure.
* Een speler verwerf 'n lewenslange internasionale skaaktitel (kandidaatmeester).

## Tennis

* **Gauteng-Noord-Kampioenskap:** Vyf Parkies verwerf provinsiale kleure.
* **Boland Landbouskool, Paarl:** Menlo-seuns eindig sesde uit twaalf skole.
* **St. Mary's DSG:** Menlo eindig 4de uit 8 skole.
* **Sun City Menlo MiXIT:** Menlo se seniors kraai koning!
* **Gerrie Berner-Tennistoernooi:** Menlo hou die skool se naam hoog en speel uitstekend.
* **Liga:** Menlo skryf vanjaar dertien spanne in.
* **NWU-Reeks:** Menlo-tennis word as algehele wenner gekroon.
* **Amanda Coetzer-toernooi:** Menlo eindig sesde.







* Daar is vanjaar 'n rekordbedrag by die **RAVAT-aand** ingesamel.
* **Pretoria Boys High o. 15 Tennis Festival:** Menlo eindig sewende.
* **Marilie Moolman-Tennistoernooi:** Menlo se seuns kraai koning, terwyl die dogters die vyfde plek behaal. Daarby verower die dogters die Mari Philps Team Spirit Award.
* **15de Absolut Menlo-Tennistoernooi:** Die seuns eindig naelskraap in die tweede plek, terwyl die dogters die sewende plek behaal.
* **AHMP Prestige Tennistoernooi:** o. 15-dogterspan eindig 5de.
* **ROK-show:** 'n Rekordgetal matrieks neem deel. Absolut suksesvol!

## Fietsry

* Menlo neem vanjaar aan die CycleLab-reeks en die Cow House-reeks deel.
* **CycleLab-reeks**
    * Vyf Parkies behaal top-5-plekke.
    * Menlo-dogters eindig derde, die seuns eindig sewende en die Parkies eindig algeheel in die vierde plek.
    * Die derde beste o. 18-dogter in Gauteng is 'n Parkie en so ook die vierde beste o. 16-seun.
* **Cow House-reeks**
    * Drie Parkies behaal top-5-plekke.
    * Die tweede beste o. 16-seun in Gauteng-Noord is 'n Parkie en so ook die vyfde beste dogter.

## Gholf

* **NWU-skolereeks:** Menlo eindig tweede in die A-afdeling en wen die B- sowel as die C-afdeling.
* Menlo-gholf lewer 10 provinsiale spelers op.
* Menlo-gholf maak geskiedenis deur 'n prestige interskoletoernooi op Leopard Creek aan te bied.






# Skoolfooie vir 2023

Tydens die inligtingsvergadering vir ouers wat op 22 November plaasgevind het, is die begroting vir 2023 deur die beheerliggaam aan die ouers voorgelê. Die begroting is finaal op Dinsdag, 6 Desember 2022 goedgekeur.

Betaling kan op een van die volgende wyses geskied:

A Volledige vereffening van skoolgeld voor einde Maart.
Korting van R1 600 word toegestaan.

B 11 maandelikse paaiemente vanaf einde Januarie per elektroniese betaling/kontant.

C 11 betalings per debietorder vanaf 31 Januarie.
Slegs lopende rekening in u naam.

Stuur gerus 'n e-pos aan finansies@menlopark.co.za vir 'n debietordervorm.

## Uiteensetting van skoolfonds en koshuisfooie

### Skoolfonds

R49 390 skoolfonds in elf gelyke maandelikse paaiemente (31 Januarie tot 30 November) betaalbaar = R4 490.

Volledige vereffening van hierdie bedrag voor 31 Maart 2023 kwalifiseer vir korting van R1 600:

R49 390 minus korting (R1 600) = R47 790.

### Koshuisfooie

R49 000 per jaar minus deposito (R2 000) = R47 000.

Tien maandelikse paaiemente = R4 700 x 10 (31 Januarie tot 31 Oktober).

### Bankbesonderhede

| | |
|---|---|
| Rekeninghouer | Die Hoërskool Menlopark |
| Bank | Nedbank Pretoria Kommersieel |
| Takkode | 149 745 |
| Rekeningnommer | 149 712 4069 |
| Verwysing | Maak seker van die korrekte verwysing soos in die onderstaande paragraaf verduidelik. |

### Verwysings

Maak asseblief seker dat u die korrekte verwysing gebruik wanneer elektroniese betalings gemaak word.

**Vir skoolfonds:** U rekeningnommer soos op u skoolfondsrekeningstaat (lang nommer met die eerste drie letters van u van).

**Vir koshuisfooie:** U rekeningnommer soos op u koshuisrekeningstaat (lang nommer met die eerste drie letters van u van).

**Vir buitemuurse bedrywighede** (bv. kultuuraktiwiteite of sporttoere):

Die verwysing vir buitemuurs verskil van die verwysing vir skoolfonds. U verwysingsnommer verskyn op u buitemuurserekeningstaat.






## Menlobond

- Ons sosiale media bereik vanjaar meer as 10 000 mense en groei steeds!
- Die Menlobond maak geskiedenis by die Menlofees. Die Bondtent toon 'n redelike wins, terwyl daar heerlik gekuier is.
- Die Menlobond bestaan tans uit 357 lede en kon drie Parkies vanjaar finansieel ondersteun.
- Hou die kuberruim dop, want die nuwe webtuiste en databasisportaal word voor die einde van die jaar geloods.
- Ons sien uit na 2023 en om al ons oud-Parkies vir die skool se 60-jaarvieringe te verwelkom.

## Rapporte

- E-rapporte word op Vrydag, 9 Desember aan ouers gestuur. Hou asseblief u posbus dop.

## Jaarblaaie

- Graad 12-leerders ontvang jaarblaaie wanneer hulle die matriekuitslae afhaal. Die res van die skool ontvang jaarblaaie aan die begin van 2023.

## Matriekuitslae

- Die skool verwag die matriekuitslae rondom 20 Januarie, maar wag vir bevestiging van die Departement van Onderwys.
- Matrieks kan hulle uitslae in die personeelkamer afhaal, of die skool skakel.

## Skooldrag

- As Menloparkers is ons trots op ons skooldrag en voorkoms. Ouers word vriendelik versoek om seker te maak dat skooldrag steeds netjies pas en dat leerders se voorkoms onberispelik is wanneer die skool begin.
- U word daaraan herinner dat splinternuwe skooldrag by Constantia Uitrusters, School and Leisure en Overkruin Uitrusters beskikbaar is.
- Skooldrag met karakter is by die skool se klerebank beskikbaar.

## Sportdrag

- Sportdrag is by die skool se klerewinkel op die terrein beskikbaar.
- Die winkel sal op 9 en 10 Januarie van 09:00 tot 15:00 oop wees.
- Navrae kan aan mnr. Tinus Vermaak by 082 322 6081 of sportsupplies@telkomsa.net gerig word.

EXCELSA PETAMUS
MENLOBOND
ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO
*Menlo vir altyd!*




**5/1** Krieket: Eerstespan (Grey College) tot 9/1
Atletiek: Worpekliniek tot 7/1

**6/1** Koor: Oefenkamp tot 8/1

**9/1** Skool open: Personeel
Gr. 8: Koshuis (Aankoms, 10:00)
Krieket: Gr. 8-proewe (10:00 – 12:00) tot 10/1

**10/1** Parkieraad: Verwelkom nuwe leerders en ouers (10:00)

**11/1** **Welkom Menlopark!**
Krieket: Seniors (Grahamstad) tot 14/1
Gr. 8: Atletiekbyeenkoms (14:00 – 18:00)
Gr. 8: Ouerbraai (17:00)

**12/1** Gr. 8: Ouerinligtingsvergadering (Saal, 18:00)

**13/1** Atletiek: Interhuis (12:00 – 22:00)

**14/1** Gr. 8: Swemgala (09:00 – 13:00)

**16/1** Swem: Interhuisuitdunne (15:00 – 18:00)
Tennis: GN Hoërskolekampioenskap (Seuns en Dogters Ope) tot 20/1
Hokkie, Netbal & Rugby: Voorseisoenoefening begin
Gr. 12: Ouerinligtingsvergadering (Saal, 18:00)

**17/1** Swem: Interhuis (15:00 – 18:00)
Altletiek: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)

**18/1** Swem: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)

**19/1** Drama: Gr. 8-oudisies (Blou Teater & Studio)
Swem: Ligagala / Perdesport: Ouerinligtingsvergadering (Personeelkamer, 18:00)

**20/1** Atletiek: Noordheuwel (weg)



# MARKPLEIN



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
Menlo-musiek-akademie
WAT BIED ONS?
Uitstekende onderrig
Topgekwalifiseerde musiekonderwysers
'n Goedtoegeruste musieksentrum
Almal is welkom – laerskoolleerders, volwassenes, beginners... absolut enigiemand!
• Klavier en klawerbord
• Viool, tjello en kontrabas
• Dwarsfluit, klarinet, saksofoon, trompet en Franse horing
• Perkussie
• Kitaar (akoesties, elektries en klassiek)
• Sang (ligte en klassieke musiek)
• Simfoniese ensemble, saksofoonensemble en fluitensemble
• Teorie-onderrig (UNISA en ABRSM): gr. 1 – gr. 6
• Deelname aan praktiese eksamens (ABRSM, UNISA en Trinity), kunstefeeste en eisteddfods
Kontakbesonderhede: musiek@menlopark.co.za




PRISMA
water
Services
Purified Water
Private Labeled Bottled Water
Purified Water Refills
Dispenser Bottle Refills
Dispenser Machine Hire
*Free label design
*Free Delivery in Gauteng
Contact Information
Tel: 012 365 2590
Cell: 066 432 1209
sales@prismawater.co.za
www.prismawater.co.za
69 Lynburn Road,
Lynburn Center,
Lynwood Manor,
Pretoria
At Prisma Water we can do water for any quantity, any functions any corporate company or small office, branded or not!!!


Kersfees is om die draai
Plaas nou u bestelling
vir 'n heerlike
vrugtekoek @ slegs R250.
Carli: 071 304 9021(WhatsApp)


RE/MAX
CAPITAL
Each Office Independently Owned and Operated
RE/MAX
Marié Botes
Sales Associate
084 681 1153
The Club Retail, Level 2, 30 Elandslaagte Rd, Hazelwood
Office Tel: 086 00 22 11 7
marie@remaxcapital.co.za
www.remaxcapital.co.za
EIENDOMME NABY DIE SKOOL TANS BESKIKBAAR!



NAALDWERK
VERSTELLINGS
KONTAK BERTA WHEELER BY:
073 501 8228
EQUESTRIA


Queenswood
Retirement Home
Your choice for retirehood since 1974
High quality, good value accommodation
✓ Rental Units ✓ Frail Care
Avoid disappointment!
Get your name on our waiting list
It is never too soon or too late
Please contact us:
+27(0)12 391 2700 • qws.info@mha.co.za
Comfort. Care. Compassion.
Methodist Homes Queenswood
3 Briscoe Lane
Queenswood, Pretoria
www.mha.co.za
Methodist Homes


Cnr Olympus & Solomon Mahlangu
Faerie Glen, 0081
Glen Village
t 012 991 0439
c 083 501 5511
bertie.lombard@rawson.co.za
www.rawson.co.za
Franchisee
Bertie Lombard
BLC / LLB / LLM taxation
Titanium Achiever Club


RAWSON
Properties


Muesli / Bran rusks R90/kg
Buttermilk rusks:
R65/500gr
Boerebeskuit" R65/500gr
Garden of Eeden
Place your order
@ 082 309 9289
LIZL
R215 for a gift box of 3 x 200g bottle organic and raw honey
Rusks, honey , frozen berries and some home made mayonnaise ready to fill your Christmas box with something special or make your local gift extra sweet
'22
SEASON
freshly harvested
peka NEUT.
PECAN NUTS
SHELLED & IN SHELL
1KG OR 5KG PACKS
Pecan Nuts for R180/kg
Mangos: R110 /kg
Strawberries: R60/kg
Blueberries R60/kg
Mix of Strawberries & Blue Berries R60/kg
FROZEN FRUITS
@ R80/500g


SCHOLAR STUDY CUBICLES TO RENT
These rooms are R2000pm and include the following:
Desk, Chair, Bookshelf
Lockable private room
Fast Wifi
Generator for loadshedding
Communal Kitchen and shower facilities
Coffee shop on premises
Excellent Security
Accross the road from Menlopark Highschool
Contact Melissa Heath:
083 229 1317
melissa@hwoptom.co.za


INGE'S
FRESH PASTA
Price List
500g PASTA (VEGAN)
Spaghetti / Penne / Linguine - R50
Fettuccine - R70
500g GLUTEN FREE PASTA (VEGAN)
Spaghetti / Penne / Linguine - R70
Fettuccine - R90
500g EGG PASTA
Spaghetti / Penne / Linguine - R70
Fettuccine - R90
We use buckwheat flour for our Gluten Free Pasta
ORDER BY WEDNESDAY 2PM FOR DELIVERY ON FRIDAY
INGE - 071 840 5149

# Van Grootskool na GRÓÓTskool

2 Day Kursus

*Vaardighede vir aanpassing en oorlewing in die hoërskool.*

## 2023 Graad 8's,

kom leer hoe jy hoërskool met selfvertroue kan geniet, gelukkig wees en floreer!

Datums kan bespreek word tussen
5 - 21 Des 2022 en 5 - 8 Jan 2023
Koste: R1105
Uitdeelstukke, notaboek, pen, versnaperinge ingesluit




www.marynastevenson.co.za | 078 460 1288

*Wees die Beste Weergawe van Jouself!*

PESOONLIKE ONTWIKKELING
PERSOONLIKE BEELD
AFRONDING
ETIKET


Selfvertroue | Veerkragtigheid | Bemeester Sagte Vaardighede | Wees Vergenoeg | Leef Doelgerig | Hê 'n Voorsprong Bo Eweknieë | Positiewe Ingesteldheid | Beter Verhoudings | Pas In | Effektiewe Kommunikasie | Innemend | Onvergeetlike Eerste Indrukke | Wees 'n Goed-aangepaste, Afgeronde Individu

www.marynastevenson.co.za | 078 460 1288

MARYNA STEVENSON
PERSONAL DEVELOPMENT



THE NEW RECON
LIMITED BOOTS
12 Month factory warrantee
R150-00 Conservation contribution
WWW.OUTBACKTRADING.CO.ZA
info@outbactrading.co.za
RECON

Pet & House
sitter
- Dog walking
- Feeding dogs
- Pet Sitting
- House Sitting
- Sleepover
Kotie vd Walt
0723564991
Dogs are my children
Plants are my passion




NGUNI
MOON
VLEISVERWERKING
R50
Ek praat vlot
SOSATIE
BACON-CHERRY
PIET
JANSE VAN RENSBURG
082 948 2839
ngunimoon2019@gmail.com
@ngunimoon
144 Caribaea Str, Lynnwoodrif
Beessosaties
Hoendersosaties
Boerewors
Gerookte
cheese grillers
Rumpsteak
Sirloin steak
EN BAIE
MEER!!
Kontak
Piet!